GESIGTE VAN AFRIKANER-ARMOEDE

Verslag saamgestel deur Solidariteit Helpende Hand vir

die Agbare President van Suid-Afrika, mnr. Jacob Zuma

Geagte president Zuma

U besoek aan die wit informele nedersetting te Betlehem op 24 Julie 2008 was van historiese belang om twee redes. Vir die eerste keer in die geskiedenis het 1 300 arm Afrikaners saamgetrek waar daar nie *oor* hulle gepraat is nie, maar *met* hulle. Tweedens was dit ook die eerste keer wat die ANC-leierskap werklik arm Afrikaners ontmoet het.

U het op daardie dag gesê dat u geskok was oor die toestande in wit plakkerskampe en dat die probleme nie verskil van dié in swart en bruin plakkerskampe nie. Die koue wintersdag was egter 'n dag van hoop vir die 1 300 arm Afrikaners wat by Betlehem saamgetrek het om u te ontmoet. Daardie dag het u reguit gesê dat armoede geen kleur ken nie en dat alle armes geregtig is op dieselfde behandeling deur die staat. U het vir die wit armes hulp gebring in die vorm van staatsdepartemente wat hulle kon help om te registreer vir ID-dokumente, voedselkoepons en maatskaplike toelaes. U het nuwe hoop gebring deur te verseker dat daar ook vir wit armes verdere hulp sal wees met elektrisiteit, behuising en basiese dienste.

U optrede op daardie dag het die probleem van wit armoede belig as deel van die groter Suid-Afrikaanse armoedevraagstuk. Dit het 'n positiewe rimpeleffek gehad. Leiers regoor die breë politieke spektrum het kennis geneem van die nuwe stille armoede onder Afrikaners en hulle het uitgereik na wit armes. Honderde internasionale joernaliste het reeds wit plakkerskampe besoek. U het dit polities korrek gemaak om ook oor Suid-Afrika se wit armes te praat. Die destydse Umsobomvu Youth Fund, tans die NYDA (National Youth Development Agency), het 'n onafhanklike ondersoek geloods en bevind dat die regering die definisie van voorheen benadeelde mense moet uitbrei om die wit jeug tussen die ouderdom van 18 en 35 jaar met 'n inkomste van R500 tot R3 000 per maand in te sluit. Volgens die ondersoek is die arm, wit jeug beslis een van die mees gemarginaliseerde groepe in Suid-Afrika.

Saam met die wit armes het Helpende Hand daardie dag geglo dat daar onder u leiding 'n nuwe era sal aanbreek waar ons, as Afrikaners, saam met ander gemeenskappe en die staat kan werk aan 'n groter oplossing vir die armoedevraagstuk.

Op daardie historiese dag was u geskok oor die toestande in wit informele nedersettings. Ek glo u sal ook geskok wees om te verneem dat daar daardie dag slegs 40 voedselkoepons aan die honger mense uitgedeel is en daarna slegs 'n verdere 120. 'n Week later is die hulp gestaak omdat staatsamptenare gesê het dit is rassisties om honger wit mense te help. U sal saamstem dat die 160 voedselkoepons

wat sedert 2008 uitgedeel is te min is om 600 000 wit armes te oortuig die staat gee regtig om.

U sal geskok wees om te weet dat Heila Rothmann, ’n siek en sterwende kankerlyer, vir etlike dae van 6:00 tot 17:00 in die middag in ’n ry moes staan, net om op 6 Maart te hoor dat haar vyfde aansoek vir ’n ongeskiktheidstoelaag afgekeur is. ’n Week later het sy gesterf.

Geagte meneer Zuma, u het self gesê dat om arm te wees, geen kleur ken nie, maar hoekom lyk wit armes dan vandag anders in die oë van ons regering?

U het self geveg teen wette wat sekere rasse van basiese regte ontneem, maar in vandag se Suid-Afrika kyk mense juis in armes se kleur vas, en dus veroorsaak velkleur dat nie alle armes in die land hulp kry nie.

Hierdie verslag, wat spesiaal vir u saamgestel is, wil nie op emosies speel nie, maar slegs die pynlike, hartseerstories met u deel. Dit wil slegs vir u ’n ware prentjie gee van hoe dit werklik met wit armes op grondvlak gaan, hoewel ons besef dat soortgelyke hartseerstories gebeur ook elke dag in arm swart, bruin en Indiër gemeenskappe, maar ook in die arm wit gemeenskap van Suid-Afrika.

U sal saamstem dat dit in ’n land van hoop dit vir kankerlyers nie nodig moet wees om te huil van pyn omdat hulle nie toegang tot gesondheidsdienste het nie, of vir weerlose bejaardes om van honger te lê en doodgaan nie, of vir jong dogters om hulle liggame te verkoop sodat hulle kan eet nie, of vir jong ma’s om uit wanhoop hulle pasgebore babas op ashope weg te gooi omdat hulle nie weet hoe hulle vir die kind gaan sorg nie. Ierse filosoof Daniel O’Connell het gesê: “Nothing is politically right when it is morally wrong.”

Meneer Zuma, in 2008 was u die ANC se president. Vandag is u Suid-Afrika se president. Ons land het genoeg onregverdigheid gesien. Genoeg sleg en pyn en hartseer. Die waarheid is dat dit vandag nog slegter gaan met die Afrikaanse gemeenskappe sedert u besoek in Julie 2008.

Ons vra u om vandag weer geskiedenis te maak deur die hoop wat u in 2008 gegee ’n werklikheid te maak.

Dr. Danie Langner

Uitvoerende Direkteur

Solidariteit Helpende Hand

“Ons mense steek hulle armoede weg. Ons is skaam. Agter die mure van klein stadsraadhuisies huil kinders elke nag van die honger.” – Ina van Heerden, Wolmer, Pretoria-Noord

Feitelys oor wit armoede

- Demograwe toon dat 600 000 Afrikaners tans as arm geklassifiseer kan word.
- 46% van wit huishoudings kan nie ’n huis van meer as R200 000 bekostig nie.
- Daar is tans 77 wit plakkerskampe in Pretoria alleen en meer as 430 landswyd.
- Tussen 1994 en 2005 het wit armoede met 150% toegeneem.
- Daar is tans 131 000 wit huishoudings wat nie voldoende behuising het nie.
- Die behoefte aan voldoende huisvesting gaan na verwagting met ongeveer 7 500 huise per jaar toeneem
- Om die agterstand van behuising onder arm wit mense oor die volgende tien jaar uit te wis, moet ’n gemiddeld van 14 000 HOP-huise per jaar vir arm wit mense gebou word.
- Navorsing toon die grootste behoefte aan behuising onder wittes is tans in Gauteng en die Wes-Kaap.
- Vir die eerste keer sedert die dertigerjare van die vorige eeu is daar groeiende getalle armblankes en is daar ’n nuwe verskynsel van blanke plakkersgebiede wat rondom veral groter stede soos Pretoria vorm.

1. Bejaardes

1.1 Weerlose bejaardes en ’n gebrek aan toegang tot gesondheidsorg

- Navorsing deur Helpende Hand toon dat 63% van die inwoners van die 77 wit informele nedersettings in Pretoria 60 jaar en ouer is.
- Daar is tans slegs een maatskaplike werker vir elke nagenoeg 4 000 Suid-Afrikaners.
- Vir die eerste keer in die geskiedenis is maatskaplike werk as ’n skaars vaardigheid geklassifiseer.
- Hierdie tekort aan maatskaplike werkers beteken uiteindelik dat daar nie doeltreffend na die maatskaplike nood van veral behoeftige kinders en bejaardes omgesien kan word nie.
- ’n Totaal van 2 100 armoedesake word tans deur die Centurion Raad vir Bejaardes ondersoek.
- Volgens Pretoria Bejaardesorg word daar ongeveer 1 000 gevalle van bejaardeverwaarlosing per maand by die organisasie aangemeld.
- Die destydse Umsobomvu Youth Fund, tans NYDA (National Youth Development Agency), het ’n onafhanklike ondersoek geloods en bevind dat toegang tot ongeskiktheidstoelae in arm wit gemeenskappe baie laer as in arm swart gemeenskappe. Volgens die verslag is dit ongelooflik moeilik vir die inwoners van wit gemeenskappe om toegang tot ongeskiktheidstoelae te kry.
- Die meeste arm swart gemeenskappe het toegang tot satellietkantore van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Die kantore hanteer aansoeke vir toelae wat dan deurgegee word aan die hoofkantoor. Hierdie diens is nie in behoeftige wit gemeenskappe beskikbaar nie.

1.2 Stories van weerlose arm bejaardes

- Maria Schoeman (70) het brein-, maag- en lewerkanker. Die kanker het onlangs ook na haar regteroog toe versprei. Ten spyte van die ondraaglike pyn wat sy konstant beleef, kry sy slegs oogsalf en Panado’s by die Steve Biko Akademiese Hospitaal om haar pyn te verlig. Maria bly saam met drie ander mense in ’n vervalle karavaan in Marietjie Opperman se erf. “Ouma kan nie ’n dokter bekostig nie. Sy huil dag en nag van die pyn,” sê Marietjie
- Jurie (61) en Susan Austen (78) bly in ’n pomphuisie van 2 m² in familie se erf. Jurie het 23 jaar by die spoorweg gewerk voordat hy afbetaal is as gevolg van regstellende aksie. Nadat hy sy werk verloor het, was hy verplig om dadelik uit sy gesubsidieerde huis te trek. Jurie kry ’n pensioen van R700 per maand, waarvan hy R500 betaal om in die pomphuisie te bly. Susan was vir 25 jaar ’n briewesorteerder by die poskantoor. Sy kry nie ’n pensioen nie. “Ons was maar in ’n skotteltjie omdat ons nie ’n badkamer het nie,” sê Susan.

- Koos Harmse (76) is blind. Nadat hy 12 jaar gelede in ’n motorongeluk was, het sy diabetes só vererger dat hy sy sig verloor het. Ná sy ongeluk het hy vir tien ure in die wagkamer by die destydse Pretoria Akademiese Hospitaal (tans die Steve Biko Akademiese Hospitaal) gesit en wag waarna hy besluit het om liewer by die huis te gaan aansterk. “As ek behandeling ná my ongeluk ontvang het, sou ek waarskynlik nie blind geword het nie,” sê hy hartseer. Om aansoek te doen vir ’n ongeskiktheidspensioen moet Koos na SASSA se kantoor in die stad gaan om aansoekvorms te kry. Daarna moet hy deur ’n distriksgeneesheer ondersoek word. “Ek is blind. Hoe moet ek in die stad kom?” vra Koos. “My grootste wens is om weer te kan sien,” voeg hy by.

- Elsie Botha (82) het vir twee jaar in ’n watertenk in Susan Kruger se erf gebly voordat sy ’n Wendy-huisie by ’n Helpende Hand-ondersteuner geskenk gekry het. Susan het haar oor Elsie ontferm toe sy haar tien jaar gelede langs die hoofweg sien stap het met ’n tassie in haar hand. “Ná my man se dood het ek by sy broer en skoonsuster agtergebly. Hulle het my mishandel en ek het nêrens gehad om heen te gaan nie,” sê Elsie. “Hulle het my in die aande in die reën ingestuur en my in ’n duiwehok laat bly met min, slegte kos,” sê Elsie hartseer.

- Rita Dannhauser se gesig is misvorm nadat gevorderde velkankergewasse verlede jaar verwyder is. Rita het nie geld vir rekonstruktiewe chirurgie nie. Elke dag wanneer Rita haar blondekop dogtertjie Belinda (7) by die laerskool gaan haal, drom skoolkinders om haar saam. “Die kinders sê my sleg en spot my, sê Rita. “Hulle sê my mamma is ’n monster,” voeg Belinda by. Rita ry elke dag fiets om haar dogtertjie skool toe te neem. Ten spyte van haar velkanker staan sy in die son en verkoop die Rapport op Sondae om geld te verdien. Dit is haar enigste bron van inkomste. Nuwe kankerselle groei egter weer waar kankerselle reeds op Rita se gesig uitgesny is. Rita kry geen kankerbehandeling nie.

- Sarie Rossouw (64) was ’n teatersuster by ’n staatshospitaal in Johannesburg voordat sy tien jaar gelede ’n beroerte gehad het. Sy bly tans in ’n wit informele nedersetting in Pretoria waar sy nie toegang tot basiese mediese sorg het nie. Haar lyf is oortrek met bedsere omdat sy al vir meer as ’n jaar op net ’n dun matrassie in die plakkerskamp lê. Vanjaar is Sarie slegs een keer deur ’n maatskaplike werker besoek nadat Helpende Hand haar geval drie keer by Pretoria Bejaardesorg aangemeld het. Sy ontvang tans geen mediese sorg nie en is heeltemal ondervoed. Haar man, oom Hennie Rossouw* (70) was haar, voer haar en ruil ook haar doek om.

- ’n Week nadat kankerlyer Heila Rothman se vyfde aansoek om ’n ongeskiktheidstoelaag afgekeur is, het sy gesterf. Nadat Heila herhaaldelik gedwing was om self – sterwend en rolstoelgebonde – vir dae in die rye van die SuidAfrikaanse Welsynsagentskap (Sassa) se kantoor in Pretoria te wag, is haar vyfde aansoek op 6 Maart afgekeur. Die rede waarom al die aansoeke afgekeur is, is op die dokument aangeteken as “for other reasons”. Na afloop van Heila se laaste aansoek het SASSA se mediese dokter selfs aangevoer

dat sy geskik is om te werk, ten spyte van haar uiters verswakte toestand. ’n Week later het sy gesterf.

- Uncle Ben’s Den, ’n versorgingsoord in Pretoria-Wes, is tans besig om drie bejaardes in soortgelyke situasies te help. Tannie Rina Vrey (78) se aansoek vir ’n ouderdomspensioen is reeds twee keer afgekeur. Volgens SASSA het haar lêer ná die laaste aansoek verdwyn en moet sy van voor af met die aansoekproses begin. “Hulle mors met my,” sê Vrey in trane. “Ek is oud. Ek het nie die krag om vir dae lank in ’n ry te gaan staan om aansoek te doen nie. Hulle wil my nie help nie,” sê sy. Vrey kry geen finansiële hulp van haar kinders nie. “Ek kan niks vir myself koop nie en is totaal afhanklik van aalmoese,” sê sy hartseer. Helpende Hand word oorval deur klagtes van bejaardes wie se ouderdomspensioen herhaaldelik afgekeur word.

2. Kinders

2.1 Die weerlose slagoffers van armoede

Toenemende armoede kan direk verbind word met die toename in kindermisdaad as gevolg van ’n verswakking in die maatskaplike omgewing waarin armes hulself bevind, sowel as toenemende druk op gesinstrukture.

- Solidariteit Helpende Hand se kindermisdaadverslag wat verlede jaar vrygestel is, het bevind dat slagoffers van seksuele mishandeling in 90% van gevalle die oortreders ken.
- Elke dag word 60 gevalle van kinderverkragting en 13 gevalle van kindermishandeling in Suid-Afrika aangemeld.
- Na raming word 88% van verkragtings nie aangemeld nie..
- 45% van alle verkragtings wat aangemeld word, is kinderverkragtings.
- Die ongekontroleerde omstandighede waarin kinders regoor Suid-Afrika in die meer as 430 informele wit nedersettings woon, maak hulle maklike teikens vir gewetenlose misdadigers en uitbuiting deur meerderes.
- ’n Maatskaplike werker in Pretoria wat verkies om anoniem te bly, vermoed dat meeste van die kinders in wit informele nedersettings konstant verkrag, gemolesteer en fisiek mishandel word sonder dat hulle toegang het tot maatskaplike hulp. Kinders word dikwels seksueel misbruik vir die ekonomiese oorlewing van hulle ouers.

2.2 Stories van kinders se seer

- Twee meisies, onderskeidelik vier en 13 jaar oud, is weens verkragting verwyder by Sonheuwelplakkerskamp nadat Helpende Hand dit by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangemeld het.
- ’n Vierjarige seun is by dieselfde plakkerkamp weens verwaarlosing verwyder nadat sy heroïenverslaafde ouers hom aan sy eie lot oorgelaat het.
- ’n BMW het by Sonheuwel karavaanpark se hekke ingery. Meisies tussen 13 en 19 jaar oud het dadelik op die kar afgestorm. Toe een van die park se inwoners daaroor uitgevra word, het hy droogweg opgemerk: “Vanaand het al die kinders almal weer geld.”

- ’n Sestienjarige meisie wat tans in die karavaanpark woon, het erken dat sy R1 000 van ’n ouer man aanvaar het vir seks
- Sheldean Human is in 2007 op die ouderdom van sewe deur die pedofiel Andrew Jordaan in Pretoria ontvoer en wreedaardig vermoor. Sy het in ’n kommune gewoon saam met 39 arm wit inwoners. Sheldean se maatjie (vandag 10 jaar oud) is ook verkrag en onsedelik aangerand. Die gemeenskap het geld ingesamel vir ’n kindervriendelike ondervragingskamer in die plaaslike polisiekantoor waar jong slagoffertjies gehelp kan word. Vandag word dit deur ’n amptenaar as ’n kantoor gebruik.
- Minstens een wit babatjie word elke maand op ’n ashoop in Onderstepoort in Pretoria gevind. Een van die gevolge van armoede in Suid-Afrika is dat pasgebore babas letterlik weggegooi word. Desperate jong moeders sien geen ander uitkoms as om ontslae te raak van pasgebore babas waarvoor hul nie kan sorg nie. Meisies is wanhopig omdat hulle besef dat hulle gesinne reeds in armoede verval het en dat daar eenvoudig nie genoeg geld is om nog ’n honger maag te voed nie.
- In Januarie vanjaar is ’n pasgebore babaseuntjie op die ashoop gevind. Sy koppie is afgery deur ’n trekker wat vullis vervoer het. Hy was vermoedelik lewend ten tye van die voorval.

3. Behuising

3.1 Behuising, elektrisiteit en leë beloftes

- Die Tswane-metroraad het sedert 2003 reeds 565 HOP-huise aan behoeftige wit gesinne in Wolmer, Jan Niemandpark, Hermanstad en Elandspoort beloof.
- Die realiteit is dat slegs twee wit gesinne sedert 2000 in Tshwane ’n staatsgesubsidieerde huis onvang het.
- Dit blyk dat die armes die huise by die metro sal moet aankoop. Dít terwyl die metroraad self die huise destyds gratis van die regering ontvang het en dit nooit in stand gehou het nie.
- Volgens Helpende Hand se navorsing is daar tans ongeveer 131 000 wit huishoudings wat nie voldoende behuising het nie. Hierdie mense woon in ou hoenderhokke, wit plakkerskampe, stukkende karavane, tente, Wendy-huise en informele sinkstrukture.
- 46% van wit gesinne kan nie ’n huis van meer as R200 000 bekostig nie.
- Die aantal wit gesinne wat minder as R68 400 per jaar verdien, neem jaarliks met ongeveer 37 000 toe. Om die huidige agterstand van behuising onder arm wittes oor die volgende tien jaar uit te wis, moet daar gemiddeld 14 000 HOP-huise per jaar vir arm wittes gebou word.

3.2 Stories van pyn

- Cobie Visagie se elektrisiteit is al twee jaar gelede afgesny. “Hulle het een maand net kom sê my rekening is R55 000. Dis onmoontlik! Toe sny hulle my elektrisiteit net daar af. Ek sukkel al vir twee jaar, sonder sukses, dat hulle dit weer moet aansit,” sê sy moedeloos. “Ek het die afgelope drie maande seker 20 keer na die stadsraadskantore in Akasia geloop om die probleem uit te sorteer. Ek sukkel ook om die elektrisiteitsrekening ná my man se dood op my naam kry. Die tien kilometer soontoe vat my drie tot vier ure. My skoene is deurgeloop.” Cobie kan nie aansoek doen om te kwalifiseer as ’n armlastige nie omdat haar elektrisiteitsrekening nog op haar man se naam is.

  Cobie vat selfbewus aan haar gesig en kyk af. “Ek lyk al soos Aspoestertjie,” sê sy sag. “Sonder krag moet ek buite vuurmaak om kos gaar te maak. Die roet sit oral vas en ek kry dit nie met koue water afgewas nie. Ek probeer, maar mens verloor jou vroulikheid.” Om water warm te maak om mee te bad, sit Cobie ’n plastiekswembad in die son vir ’n paar ure. “As dit reën, dan eet ons nie, want hoe moet ons kos gaarmaak? Maar as dit koeler is, word kos ten minste nie so gou sleg nie.” Cobie het in ’n welgestelde gesin in die ooste van Pretoria grootgeword. “Ek het eers my seun verloor, toe my broer... my ma. Die lewe loop snaakse draaie met ’n mens,” voeg sy hartseer by.

- Martin Venter bly onder ’n boom langs die Noordelike Sportgronde in Pretoria-Noord saam met sy vriend Gert van Vuuren. “As dit reën, trek ons ’n plastiekseil oor ons koppe om nie nat te reën nie,” sê Martin. “Ek het opgegee. Vandag werk ek as ’n karwag waar ek so R40 per dag kry,” voeg hy by. “My maag het al so gekrimp, ek hoef net een keer per dag te eet,” sê Martin trots.

  Gert het sy werk by ’n werkswinkel in Monumentpark verloor ná afleggings as gevolg van die resessie. “Dis die eerste keer dat ek op straat bly. Ek sukkel om geld te stuur na my twaalfjarige seun en veertienjarige dogter,” sê hy hartseer.

- Jennifer Olckers en haar man het in 2003 vir ’n HOP-huis aansoek gedoen. ’n Stuk oop veld in Jopie Fouriestraat, Wolmer, word tans voorberei vir die bou van HOP-huise. Die plaaslike regering het egter gesê dat die HOP-huise nie vir die behoeftige inwoners in Wolmer bestem is nie, maar vir die inwoners van die Shoshanguve-township buite Wolmer. “Ek wil baie graag tussen my mense in Wolmer bly, maar nou wil hulle vir ons huise in Bon Accord gee. Daar’s niks in Bon Accord nie. Dis tussen die plotte. Hoe gaan my kind by die skool kom? Waar gaan ek werk? Ek wil so graag my eie plekkie hê. Hoekom kan ons nie hier in Wolmer in Jopie Fouriestraat bly nie? Nou gaan ek ver van alles en almal af wees...”

- Frieda Janse van Rensburg het in 2006 aansoek gedoen vir ’n HOP-huis. “Ek wil in die noorde bly saam met my familie. Ek is oud, ek wil nie alleen in die middel van nêrens gaan bly nie. My skoonma is baie siek en belêend. Hoe gaan ek haar help versorg as ek so ver van alles is?”

- Cornelia Schutte wag al sewe jaar vir ’n HOP-huis. “Ek ken niemand in die Bon Accord-Klerksoord-area nie,” sê sy. “Daar is net plotte, nie eers ’n winkel nie. Dis 10 km buite die dorp.” Cornelia se seun Divan (4) is ’n asmalyer.
  “Hoe gaan ek my seun na die Steve Biko Akademiese Hospitaal vat as hy ’n aanval kry? Die hospitaal is 150 km van waar hulle wil hê ons moet bly en ek het nie ’n kar nie. Dit ontstel my dat ons nie tussen ons vriende en familie kan bly nie. Jopie Fouriestraat is naby aan alles.”

- ’n Onbekende man bly onder die President Steynsbrug in Pretoria waar die pilaar van die brug ’n inham vorm. Hy dwaal elke dag rond op soek na kos, met ’n bedelbordjie om sy nek. Hy is net nog ’n onsigbare wandelaar in die strate van Pretoria.

4. Opleiding

4.1 Statistiek oor opvoeding

- Solidariteit se Navorsingsinstituut het onlangs bevind dat sowat 85 000, oftewel 23%, van die geskatte 363 000 matrikulante wat 2009 se matriekeksamen behoort te slaag, in 2010 werkloos wees. Dit sluit nie die sowat 218 000 leerlinge wat waarskynlik nie matriek gaan slaag nie, in nie. Die aantal leerders wat vir matriek ingeskryf het in 2009 maar in 2010 werkloos gaan wees, sal dus nog heelwat hoër wees as die 85 000 of 23% van leerders wat matriek geslaag het.
- Hierdie amper 600 000 matrieks wat in 2009 matriek geskryf, het begin as ’n gr. 1-klas van 1,6 miljoen leerlinge. Dit beteken dat daar nog ’n miljoen toetreders tot die ekonomie is wat nie in berekening gebring is in die navorsing nie.
- Die verslag wys dat sowat 8,9% van mense met tersiêre kwalifikasies wat werk soek nie werk kan kry nie, terwyl ongeveer 25,7% van persone met matriek as hoogste kwalifikasie werkloos is.
- ’n Plaaslike laerskool in Pretoria het onlangs by die Departement van Onderwys om staatshulp aansoek gedoen om minderbevoorregte wit kinders te help. Die aansoek is afgekeur.
- Navorsing deur Helpende Hand toon dat die meeste van die hoërskoolleerlinge in die informele nedersettings in Pretoria nie skool toe gaan nie. ’n Gebrek aan vervoer, finansies en onveilige omstandighede word as die hoofredes vir hierdie verskynsel voorgehou.

4.2 Stories van pyn

- Lacia Labuschagne (16) bly in Sonheuwel-karavaanpark by vriende. Sy het twee kinders – ’n dogtertjie van drie jaar oud en ’n ses-maande-oue babaseuntjie. “Die welsyn het altwee my kinders van my af weggeneem. Hulle sê ek kan nie vir my kinders sorg nie.” Lacia het geen kontak met haar pa nie en haar ma het drie jaar gelede selfmoord gepleeg. Sy het onlangs Hoërskool Suiderberg verlaat om werk te soek. Daar word vermoed dat Lacia haar derde kind verwag.

"As ek werk het, sal ek geld hê om vir my kinders te sorg. Miskien sal ek êrens agter 'n *till* kan gaan werk. Ek wil my kinders terug hê." Haar vriendin Verushca Clark (18) het ook 'n babadogtertjie.

- Dwayne de Roubaix (5) bly saam met sy ouers in Ruyterwacht se plakkerskamp in die Wes-Kaap. Hy is bevoorreg genoeg om skool toe te gaan en doen saans sy huiswerk by 'n kers omdat die plakkerskamp, ten spyte van die feit dat dit in 'n dorpsgebied geleë is, nie elektrisiteit het nie. Dwayne se ouers het nie geld om vir hom skryfbehoeftes vir skool te koop nie

- Jessica Bester is nog een van die 14 kinders wat tans in die Ruyterwacht-plakkerskamp woon. Sy is 'n begaafde leerling wat vanjaar matriek skryf en tot laat in die nag by kerslig studeer. Jessica en haar gesin woon sedert 2007 in 'n Wendyhuis in die plakkerskamp. Haar pa, Michael, is 'n elektrisiën wat as gevolg van regstellende aksie sy werk verloor het en sedertdien 'n bestaan maak deur skrootyster op te tel.

5. Leë beloftes en 'n gebrek aan opheffingsprojekte

- Baie inwoners in arm gebiede in Pretoria sukkel om as armlastig geregistreer te word weens 'n gebrek aan hulp van die Tshwane-metroraad. Baie inwoners ontvang dus nie gratis water en elektrisiteitseenhede nie.

- In die hele Pretoria is daar sedert president Zuma se besoek slegs 160 voedselkoepons aan inwoners oorhandig ten spyte van verskeie beloftes.

- Hoewel daar reeds in 2008 beloof is dat dié gemeenskappe ook toegang sal hê tot staatshulp, is verskeie aansoeke om regeringshulp afgekeur. In Pretoria het 'n maatskaplike werker van die Eleōs Gemeenskapsentrum by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aansoek gedoen om fondse vir die ondersteuning van gemeenskapsontwikkelingsprojekte. Die aansoek is afgekeur.

6. Stories van teleurstelling

- Beulah Fatherly het 4:00 in die oggend opgestaan om aansoek te doen vir 'n voedselkoepon van R900 vir haar gesin by die pensioenkantore in die stad. "President Zuma het ons in 2008 belowe ons kan ook voedselkoepons kry. Ons kon na die president se besoek net een keer ons voedselkoepon gebruik en daarna het hulle geweier dat ons dit weer kan gebruik," sê Beulah. "Ek het al hoeveel keer aansoek gedoen vir ongeskiktheidspensioen, maar my aansoek word afgekeur, al is ek ongeskik verklaar om te werk." Beulah kan sedert haar maagoperasie drie jaar gelede net verfynde kos inneem. "Ek het die voedselkoepon dringend nodig. Nie net ek nie, daar is sewe mense wat by my bly en almal is werkloos. Net my man doen los werkies vir 'n inkomste."

- Volgens die inwoners van Uncle Ben's Den, 'n versorgingsentrum in Hermanstad in die weste van Pretoria wat na sowat 140 minderbevoorregte bejaardes omsien, het president Zuma in 2008 belowe dat die staat hulle

elektrisiteit tot ’n groot mate sal subsidieer. Sodoende word gelyke behandeling aan alle minderbevoorregtes gegee. Daar het egter steeds niks van die president se belofte gekom nie en die sentrum betaal steeds self hulle elektrisiteitsrekeninge. Hulle kan nie die jongste elektrisiteitsrekening van R25 000 bybring nie en het by Helpende Hand om hulp aangeklop.

- Beloftes dat daar elektrisiteit aangelê gaan word vir die 48 inwoners van Betlehem, ’n informele nedersetting in Pretoria-Wes, bly ook leeg.

7. Familiestories van pyn

- “Daar is ongeveer 60 wit boemelaars in Wolmer en my broer is een van hulle,” sê Mart-Mart de Jager. “Dit breek my hart om hom op die hoek van die straat te sien staan. Ek is lief vir my broer. Boemelaars verloor hulle selfrespek, en dis baie moeilik om so iemand te motiveer om weer op te staan. Hy het drie wonderlike kinders. Jakes is nou al vyf jaar op straat.”

- Stefanus en Anna Bezuidenhout se dogter het verlede jaar selfmoord gepleeg deur haarself aan ’n staalkas op te hang. “Ná Anna se man se dood kon sy nie meer die druk hanteer om alleen vir vyf kinders te sorg nie,” sê haar ma. “Sy het elke dag van haar lewe van huis tot huis gegaan om rommel te versamel om te verkoop en toe pak haar kar ook nog op,” voeg sy by. “Ek wonder elke dag wat meer ons kon gedoen het om te help. My hart is stukkend,” voeg sy by.

  Anna (30) se selfmoordbrief lui as volg:
  “Aan al vyf my pragtige kinders wil ek net sê hoe lief mamma vir julle is. Mamma wou dit nie aan julle doen nie, maar ek kon nie meer nie. Dis dalk beter as ek nie hier is nie.”

- ’n Noodkreet wat Helpende Hand ontvang het:

  Ek skryf hierdie brief met ’n eina-hart.

  In Pretoria, by die Melgisedekblok, net so duskant die ou HF Verwoerd Hospitaal, is daar kamers.

  Dit is ’n ou stadsraadgebou; voorheen was daar elektrisiteit en ’n kombuis. Die mense het voorheen losies betaal en dan uit die kombuis kos gekry, maar vandat die vorige eienaar weggeloop het met die huurders se geld en nie die dienste betaal het nie, weier die stadsraad om die krag weer aan te sit.

  Binne in hierdie kamers is mense met waaragtige nood. Alle ouderdomme. Kinders ook.

  Daar is ’n besonderse ouer dame. Ek kry skaam om te sê dis my ma – want ek kan haar nie help nie. Haar omstandighede is uiters haglik.

Tans bly my ma saam met vyf ander mense. Sy slaap op die vloer met ’n matras. My ma is 70 en verdien slegs ’n staatspensioen en kan dus nie eens daaraan dink om ’n bed te koop nie.

Uit haar karige ou staatspensioentjie moet sy vir al vyf mense, insluitend ’n baba van amper twee jaar oud, kos gee. Sy kan nie.

Die “gel” wat hulle gebruik vir die kosstofie kos haar so R20 vir drie dae. Mens kan dus uitwerk hoeveel geld daar nou regtig oor is om ’n stukkie kos te koop.

Hulle bad in skottels en was die wasgoed ook so. Dit is erg. Veral vir iemand wat 70 jaar oud en sieklik is.

Ek kan nie eens vir haar ’n bed koop nie want ek is self bankrot verklaar. Ek is nie bekommerd oor myself nie, maar wel oor haar en die klein seuntjie.

My hart sê net vir my die kind kan nie so grootword nie. Hy moet heeldag stil bly omdat van die mense wat daar woon nagskof werk en vloek. Hulle verskreeu my ma as die seuntjie bietjie huil in die dag.

Ek hoop en bid dat iemand my ma en die klein seuntjie kan help.

Groete

Martie